**18 Maart**

**Skrifgedeelte: Matteus 12:38-45**
**Fokusgedeelte: Matteus 12:41**

## Die krag van die prediking van die Woord

Die Joodse leiers het Jesus gevra om ’n wonderteken voor hulle te doen. Hulle wou hê dat Hy dit moet doen om so te toon dat Hy die Seun van die mens en derhalwe die Messias is (vgl. Dan. 7:13). Die wonders wat Hy reeds gedoen het, was in hulle oë nie genoegsame bewys daarvoor nie. Trouens, hulle het hulle eie verklaring van die wonders gehad, naamlik dat Jesus dit doen met die hulp van Satan (vs 24). Daarom verwag hulle van Hom om iets te doen wat só opspraakwekkend en asemrowend is dat dit hulle sal oortuig dat Hy die Messias is.

Jesus weier om dit te doen. Hy verwys hulle egter na die mense van Nineve. Toe Jona net vir hulle gepreek en nie eers wonders gedoen het nie, het hulle hul bekeer. Die krag en gesag van die Woord van God wat hy aan hulle verkondig het, het hulle so aangegryp dat hulle dadelik met hulle sonde gebreek het. Dit geld nog meer van die prediking van Jesus omdat Hy groter is as Jona (vgl. Luk. 19:8, 9).

Met sy weiering om ’n wonderteken te doen en sy verwysing na die prediking van Jona, sê Jesus eintlik aan die Joodse leiers dat sy prediking voldoende is om te bewys wie Hy is (vgl. Matt. 7:28, 29; Joh. 7:46). En as hulle dit nie aanvaar nie, sal ’n wonder hulle ook nie oorreed nie (vgl. Luk. 16:31).

Daarmee wys Christus ons opnuut op die krag en gesag van die prediking van die Woord van God. Ons moet ook vandag die evangelie aan skyngelowiges en aan ongelowiges soos in Nineve verkondig. Dit is ons roeping. Daarna moet ons dit aan God oorlaat om deur die Heilige Gees die saad van die evangelie in mense se harte te laat indring en hulle tot bekering te bring. Jona het dit gedoen, en kyk wat het hy bereik. Dit sal ook gebeur as Christus as Verlosser verkondig word (Heb. 4:12).

*Sing: Psalm 89:6 (1936)*

*Prof. PJ (Paul) de Bruyn (Emeritus)*